# Ali en die verf



Deur: Angelique Twiss Illustrasies: Helga Hoveka

Ali and the paint big book_A.indd 1 2017/11/24 07:10



Mamma het vir Musa en Ali elkeen ’n present gegee.



Ali and the paint big book_A.indd 2 2017/11/24 07:10



Ali het ’n bal gekry.

Musa het ’n boks verf gekry.



Ali and the paint big book_A.indd 3 2017/11/24 07:10



Musa het uitgegaan.
Ali het die boks verf gesien.



Ali and the paint big book_A.indd 4 2017/11/24 07:10



Ali het sy neus groen geverf.



Ali and the paint big book_A.indd 5 2017/11/24 07:10



Ali het sy maag rooi geverf.



Ali and the paint big book_A.indd 6 2017/11/24 07:10



Ali het sy tone blou geverf.



Ali and the paint big book_A.indd 7 2017/11/24 07:10



"Ag nee!"

"Wat doen jy nou, Ali?" het Ma gesê.



Wordworks
© 2018

Ali and the paint big book_A.indd 8 2017/11/24 07:10